Kantoor van die Munisipale Bestuurder
4 Julie 2014

Geagte Inwoner

WYSIGING VAN DEERNISSUBSIDIE MET INGANG VAN 1 JULIE 2014

Op 30 Junie 2014 sal alle bestaande deernissubsidies gekanselleer word.

Met ingang van 1 Julie 2014 sal elke geregistreerde eienaar van ‘n eiendom met ‘n munisipale-waardasie van R115 000,00 of minder, wat op sodanige eiendom woonagtig is, **outomaties kwalifiseer** vir ‘n deernissubsidie. Swartland Munisipaliteit behou egter die reg voor om die subsidie te kanselleer, sou daar voldoende bewys wees dat die betrokke huishouding ‘n luukse lewenstyl handhaaf.

Eienaars van eiendom waarvan die munisipale-waardasie meer beloop as R115 000,00 en die **gesamentlike inkomste van al die inwoners van daardie eiendom** minder is as vier (4) maal die staatspensioen (R1 350,00 x 4 = R5 400,00 per maand), kan aansoek doen om oorweeg te word vir die toekenning van ‘n deernissubsidie in terme van die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid.

Wettige huurders wat 'n dienste-aansluiting by Swartland Munisipaliteit het en waarvan die **gesamentlike inkomste van al die inwoners van daardie eiendom** minder beloop as vier (4) maal die staatspensioen (R1 350,00 x 4 = R5 400,00 per maand), kan die munisipale kantore besoek en aansoek doen vir ‘n deernissubsidie.

Die deernissubsidie **KAN** uit die volgende bestaan: (per maand) 10kl water; 50kWh elektrisiteit; gratis riooldienste; gratis vullisverwydering en eiendomsbelasting op ‘n munisipale waardasie van R100 000 + R15 000 statutêre korting.

Bewys van inkomste, huurooreenkomste, SASSA-kaarte, geboorte- en sterftesertifikate, egskeidingsbevele, verklarings van al die inwoners van die perseel wat geen inkomste het nie asook gesertifiseerde afskrifte van identiteitsdokumente, moet die aansoek vergesel.

Office of the Municipal Manager
4 July 2014

Dear Resident

AMENDMENT OF INDIGENT SUBSIDY WITH EFFECT FROM 1 JULY 2014

On 30 June 2014 all existing indigent subsidies will be cancelled.

With effect from 1 July 2014 all registered owners of properties with a municipal valuation of R115 000,00 or less, who are resident on such properties, will **automatically qualify** for an indigent subsidy. However, Swartland Municipality reserves the right to cancel the subsidy should sufficient proof be obtained that such household maintains a luxurious lifestyle.

Owners of properties with a municipal valuation of more than R115 000,00, where the **total income of all the members of the household resident on the property** is less than four (4) times the state pension (R1 350,00 x 4 = R5 400,00 per month), may apply to be considered for the granting of an indigent subsidy in terms of the Credit Control and Debt Collection Policy.

Lawful tenants who have service connections at Swartland Municipality, where the **total income of all the members of the household resident on such property** is less than four (4) times the state pension (R1 350,00 x 4 = R5 400,00 per month), may visit the municipal offices and apply for an indigent subsidy.

The indigent subsidy **MAY** consist of: (per month) 10kl water; 50kWh electricity; free sewerage services; free refuse removal and property rates on a municipal valuation of R100 000 + R15 000 statutory rebate.

Proof of income, lease agreements, SASSA cards, birth and death certificates, divorce orders, affidavits by the residents living on the premises who have no income as well as certified copies of identity documents must accompany the application.

(sgd) J J SCHOLTZ